

HOOFSTUK 3

DIE ONTWIKKELINGSDINAMIKA VAN DIE VYFJARIGE KIND

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die ontwikkelingsdinamika van die vyfjarige kind bespreek. Vir die doeleindes hiervan het die navorser die jongste werke van die mees invloedryke persone in die ontwikkelingsielkunde geraadpleeg.

Daar word onderskeidelik aandag verleen aan die liggaamlike -, kognitiewe -, emosionele -, sosiale -, persoonlikheids-, taal- en morele ontwikkeling van die vyfjarige kind.

3.2 LIGGAAMLIGE ONTWIKKELING

Die verbetering van die vyfjarige kind se motoriese vaardighede gun hom die geleentheid om aandag te skenk aan dit wat rondom hom gebeur, eerder as om net te fokus op hoe hy loop en voorwerpe vashou (Kaplan, 1998:166). Die kind kan deelneem aan 'n verskeidenheid van aktiwiteite om sy nuuskierigheid oor die wêreld te bevredig. Hierdie fisieke vaardighede bevorder die kind se onafhanklikheid.

3.2.1 Fisieke groei

Gedurende die kleuterjare vind die fisieke groei stadiger plaas as gedurende die babajare. Volgens Louw (1992:245) is die vyfjarige kind se gemiddelde gewigstoename 1,8 tot 2,6 kg per jaar en die gemiddelde toename in lengte ongeveer 7 tot 9 cm per jaar. Die toename in gewig tydens die kleuterjare word grootliks aan spier- en beenontwikkeling toegeskryf. Die vyfjarige kind het reeds die mollige voorkoms van 'n baba verloor en namate die ledemate en romp groei, begin die kind leniger vertoon. Hierdie leniger voorkoms kan ook toegeskryf word aan die feit dat die kind 'n middel begin ontwikkel wat smaller is as die heupe en skouers (Lefrancois, 2001:287). Tydens die kinderjare groei die arms en bene ook vinniger as die voete en hande (Shaffer, 2002:145). In die werk van Kaplan (1998:167) noem hy dat seuns meer spiermassa besit en dogters meer vet, maar dat individuele verskille kan voorkom. Ten spyte van hierdie verskil, is dogters tog kleiner en ligter as seuns

gedurende die kleuterjare (Santrock, 1995:256). Tydens hierdie stadium het die kind reeds begin tande wissel en besit al een of twee permanente voortande.

Tydens die kleuterjare vind die ontwikkeling van die brein en senuweestelsel vinniger as meeste van die ander liggaamstelsels plaas. Teen die ouderdom van vyf jaar het die brein reeds 90% van sy volwasse grootte bereik (Santrock, 1995:258). Die ontwikkeling van die serebrale korteks is ook aanmerklik tydens hierdie stadium. Dit mag dan ook verklaar waarom kleuters relatief maklik nuwe inligting verwerf en aan probleemoplossende aktiwiteite begin deelneem (Louw, 1992:247). Die volgehoue rypwording van die brein, tesame met die ervaringsgeleenthede van die vyfjarige kind in die wêreld, lewer 'n groot bydrae tot die kind se kognitiewe vaardighede (Santrock, 1995:258).

Die vyfjarige kind mag minder gehoorprobleme as visuele probleme ervaar, aangesien jong kinders geneig is om versiene te wees. Die rede hiervoor is die feit dat die oogbol nie voor puberteit volkome ontwikkel nie. Die gehoormeganisme bereik egter reeds tydens die babajare volle funksionering (Louw, 1992:247).

3.2.2 Faktore wat fisieke groei beïnvloed

Kinders se groeitempo word nie net beïnvloed deur die voedsel en fisiese versorging wat hulle ontvang nie, maar ook deur die emosionele atmosfeer in die huis. Volgens Louw (1992:248) hou swak fisieke groei verband met die volgende faktore: 'n premature geboorte, 'n moeilike bevalling, moederlike ang of depressie, vroeë mediese probleme, die moeder se binding met die kind, temperament, alkoholprobleme by ouers, werkloosheid, groot gesinne, kinders wat kort na mekaar gebore is, huweliksprobleme, ekonomiese probleme, sosiale isolasie en fisiese siekte van een van die gesinslede. Met verwysing na die faktore voeg Santrock (1995:258) 'n verdere faktor by, naamlik die rookgewoontes van die moeder. Indien 'n verwagte moeder rook, kan dit 'n invloed hê op die fisieke groei van die kind.

3.2.3 Fisiek-motoriese ontwikkeling

Motoriese ontwikkeling word beskou as die ontplooiing van 'n genetiese program van gebeurtenisse waarin die senuwees en spiere in 'n afwaartse en uitwaartse rigting groei en ontwikkel (Shaffer, 2002:153). Vervolgens word die motoriese ontwikkeling tydens die kleuterjare bespreek.

Daar is twee soorte motoriese vaardighede wat tydens die kleuterjare ontwikkel. Eerstens die grootmotoriese vaardighede, wat die gebruik van die groot spiere behels en tweedens die fynmotoriese vaardighede, wat die gebruik van die klein spiere van die hande en vingers behels. Teen die ouderdom van vyf jaar toon die kind meestal 'n konstante voorkeur van handgebruik. Hierdie vaardighede ontwikkel gewoonlik binne die konteks van die kind se spel en is ook afhanklik van fisieke groei (Louw, 1992:249). Die fynmotoriese vaardighede ontwikkel egter teen 'n stadiger tempo as die grootmotoriese vaardighede. Rypwording en oefening sal die beheer en koördinasie van die fynmotoriese vaardighede bevorder (Kaplan, 1998:167). Hierdie stelling word deur Shaffer (2002:153) bevestig.

Die vyfjarige kind is gewoonlik baie aktief en hou daarvan om aksiespeletjies te speel, byvoorbeeld wegkruipertjie. Volgens Santrock (1995:259) is die vyfjarige kind avontuurlustig. Gedurende hierdie ouderdom begin die kinders met mekaar kompeteer en hulle geniet 'n uitdaging. Die vyfjarige kind se balans is so goed ontwikkel dat hy al kan leer om fiets te ry (Shaffer, 2002:157). In hierdie stadium van die kind se lewe raak hy tot 'n groot mate bewus van sy eie liggaam en sy liggaamsbeeld raak gevolglik toenemend realisties. Volgens Santrock (1995:258) word die vyfjarige kind gefassineer deur sy eie liggaam, sowel as die liggame van gesinslede en vriende. Dit is gedurende hierdie tydperk wat die kind baie vrae het aangaande sy liggaam se werking.

Binne die werk van Louw (1992:249) noem hy dat die aanleer van nuwe vaardighede by die vyfjarige kind beïnvloed word deur die liggaamlike gereedheid vir bepaalde aktiwiteite, die motivering, die aandag wat hy aan die aktiwiteit verleen en die terugvoer wat hy daarvoor ontvang. Hierdie kind raak meer selfstandig wat betref sy etery en hy begin self sy klere aan en uit te trek. Teen die ouderdom van vyf kan die kind al gemaklik loop, hardloop, klim, spring, huppel, op 'n loopbalk balanseer, 'n bal gooi en vang, knope en ritssluiters vasmaak, 'n vurk, mes en lepel gebruik om mee te eet en sommige kinders kan reeds hul eie

skoenveters vasmaak. Teen die ouderdom van vyf jaar het die kind se fynmotoriese koördinasie goed ontwikkel. Sy hande, arms en liggaam beweeg in opdrag van sy oë (Santrock, 1995:262).

3.2.4 Perseptuele ontwikkeling

Perseptuele ontwikkeling verwys na die ontwikkelende vermoë om inligting te interpreteer wat deur middel van die sintuie waargeneem is (Louw, 1992:251). Die vyfjarige kleuter kan nog letters wat sootgelyke perseptuele kenmerke het, verwar, byvoorbeeld b, h en d; of m en w.

3.2.5 Gesondheid

Oor die algemeen is die vyfjarige kind redelik gesond, behalwe vir probleme soos verkoues en maagpyn. Die kind se gesondheid hou in 'n groot mate verband met die mate van blootstelling aan ander mense. Kinders wat deel is van groot gesinne en wat in dagsorgsentrums is, is meer geneig om verkoue, griep en ander infeksies te kry, as kinders wat tuis versorg word (Louw, 1992:252).

Ongelukke is die grootste oorsaak van dood in die kleuterjare. Hierdie ongelukke sluit motorongelukke, verdrinking, vuur en die inneem van giftige bestanddele in (Kaplan, 1998:168).

Die vyfjarige kind eet goed, maar nie elke maaltyd nie. Hy begin 'n voorkeur vir sekere kossoorte ontwikkel, en raak ook bewus van die ander gesinslede se voorkeure. Die kind begin daarvan hou om sy eie ontbyt en middagete te maak (Santrock, 1995:267).

3.2.6 Slaappatrone

Jong kleuters wil dikwels 'n lig aan hê as hulle gaan slaap of dring daarop aan dat 'n bepaalde speelding of komborsie saam met hulle bed toe moet gaan. Hierdie voorwerpe staan bekend as transisionele (oorgangs-) voorwerpe, aangesien dit die kind help met die oorgang vanaf die afhanklike babajare na die groter onafhanklikheid van die kleuterjare (Louw, 1992:254).

Volgens Santrock (1995:265) is dit somtyds moeilik om 'n vyfjarige kind in die bed te kry, want hulle hou daarvan om teen die slaap te veg. Hy beweer dat die kind makliker sal slaap indien hy rustig gemaak word voor slapenstyd. Dit kan bewerkstellig word deur 'n storie te lees of deur die kind op die moeder se skoot te laat sit. Slaapprobleme wat die kind kan ervaar, sluit die volgende in: nagmerries, loop in sy slaap en praat in sy slaap. Vervolgens word die kognitiewe ontwikkeling van die vyfjarige kind bespreek.

3.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Die grootste bydrae in die kognitiewe ontwikkeling van die kind is gelewer deur Jean Piaget. Hy koppel kognitiewe ontwikkeling aan intelligensie. Hy beskou intelligensie as 'n basiese lewensfunksie wat die individu in staat stel om aan te pas by sy omgewing (Shaffer, 2002:218).

Die kind se kognitiewe ontwikkeling is afhanklik van die inligting wat hy deur sy sintuie ontvang en hoe hy dit interpreteer, sy motoriese en intellektuele aktiwiteite, die kennis wat aan hom meegedeel word en watter nuwe vaardighede hy geleer word (Louw, 1992:254). Die kind se groei in 'n sekere sosiale en kulturele konteks beïnvloed ook die kognitiewe ontwikkeling.

Die vyfjarige kind se kognitiewe ontwikkeling word gekenmerk deur sy taalgebruik, wat impliseer dat hy op 'n simboliese vlak kan funksioneer. 'n Simbool word beskou as iets wat iets anders verteenwoordig (Shaffer, 2002:229). Simboliese funksionering kan ook opgemerk word in die kind se spelpatrone (Louw, 1992:256). Daar sal vervolgens na die kognitiewe teorie van Piaget gekyk word.

3.3.1 Piaget se kognitiewe teorie

Piaget noem die tydperk tussen twee en sewe jaar die pre-operasionele periode omdat operasionele denke nog afwesig is. Met operasionele denke word bedoel dat operasies (dit is 'n spesifieke soort kognitiewe skema) in denke gebruik word (Louw, 1992:256). Volgens Santrock (1995:281) word basiese konsepte tydens hierdie periode vasgelê. Hierdie konsepte sluit redenering, egosentrisme en verbeelding in. Piaget verdeel die pre-

operasionele periode in prekonseptuele denke (twee tot vier jaar) en intuïtiewe denke (vier tot sewe jaar) (Louw, 1992:256). Die vyfjarige kind val in die kategorie van intuïtiewe denke.

Volgens Louw (1992:256) verwys intuïtiewe denke na denke wat nie op logika gebaseer is nie, omdat gevolgtrekkings gemaak word op grond van dit wat die kind waarneem. Hierdie stelling word deur Lefrancois (2001:300) bevestig in soverre dat hy van mening is dat die kind teen hierdie tyd al probleme kan oplos, al volg hy nie die logiese stappe nie. Volgens Santrock (1995:284) maak kinders van vyfjarige ouderdom van primitiewe redeneringsvaardighede gebruik om antwoorde vir hul vrae te vind. Die vyfjarige kind maak op hierdie stadium reeds gebruik van simbole en tekens. Simbole is baie persoonlik omdat dit waarvoor hulle staan, afhang van die kind self. Daarenteen is tekens konvensioneel omdat almal dieselfde betekenis daaraan heg.

Die navorser stem saam met die feit dat simbole persoonlik is en is van mening dat enige betekenis wat daaraan gekoppel word, uniek met betrekking tot die kind is. Hierdie uniekheid kan slegs behou word indien geen veralgemenings en interpretasies gemaak word nie.

Na aanleiding van Piaget se teorie, word die vyfjarige kind ook as egosentries beskryf. Dit impliseer dat die kind die wêreld vanuit sy eie perspektief sien en homself nie verstandelik in die posisie van 'n ander persoon kan indink nie. Volgens Shaffer (2002:234) neem die egosentrisme van die intuïtiewe denker drasties af na die ouderdom van vier jaar. Kinders van vyfjarige ouderdom is ook baie nuuskierig en vra baie vrae, byvoorbeeld die vraag "hoekom?". Binne die werk van Santrock (1995:287) word hierdie vrae as 'n teken van kognitiewe ontwikkeling en intellektuele nuuskierigheid beskou. Volgens Louw (1992:261) glo die vyfjarige kind dat alle fisiese verskynsels in die wêreld die produkte van mense is en dat dit vir die mens se gebruik geskep is, of dat dit deur God geskep is, maar volgens 'n sekere plan soos wat die mens dit sou doen. 'n Verdere aspek word deur Thompson en Rudolph (1996:12) beklemtoon deurdat die kind eenvoudige reëls kan verstaan, maar hy glo dat die reëls heilig en onveranderbaar is.

Die begrippe intern en ekstern is moeilik vir die vyfjarige kind om te verstaan, maar hy begin tog besef dat drome binne 'n persoon se kop ontstaan. Hy glo egter dat die gebeure in

die droom nie in die persoon se gedagte plaasvind nie, maar dat dit werklik gebeur het. Hierdie eienskap hou ook verband met die feit dat die kind lewe aan lewelose voorwerpe kan toedig en glo dat lewelose dinge ook 'n bewussyn net soos mense het (Louw, 1992:262). Die kind van vyfjarige ouderdom se redenering is onlogies omdat werklike verbande wat bestaan nie ingesien word nie.

Die vyfjarige kind besit die vermoë om nie-grafiese versamelings te klassifiseer. Dit beteken dat die kind voorwerpe klassifiseer op grond van een dimensie, soos om dieselfde gekleurde voorwerpe bymekaar te pas. Volgens Piaget is die kind nie in staat om reeksvorming te doen nie, met ander woorde om verskillende voorwerpe volgens grootte te rangskik nie (Louw, 1992:268).

Die kind se kognitiewe ontwikkelingsvlak en die mate waartoe hy inligting kan verwerk, is interafhanklik. Vervolgens word die vyfjarige kind se vermoë om inligting te verwerk, bespreek.

3.3.2 Inligtingverwerking

Die effektiwiteit waarmee 'n kind inligting sal kan verwerk, word deur verskillende faktore bepaal, soos sy oorgeërfde potensiaal, die kennis wat hy deur sy interaksie met die omgewing verkry het, en die invloed wat sy toenemende ouderdom op sy inligtingverwerkingskapasiteit het (Louw, 1992:272). Volgens Santrock (1995:288) het die vyfjarige kind twee beperkinge aangaande inligtingverwerking. Eerstens noem hy aandagspan en tweedens geheue.

Belangrike veranderinge in die vermoë van die kind om aandag te skenk, vind tydens die kleuterjare plaas. Die vyfjarige kind se aandag sal grootliks afhang van die uiterlike eienskappe van die taak wat hy moet doen, byvoorbeeld 'n helderkleurige hanswors. Die rede hiervoor is die feit dat 'n kind se aandag geaffekteer word deur die volgende stimuli: kleur, beweging en ander persone se aandag (Kaplan, 1998:177). Die outeur Kaplan noem dat die meeste vyfjarige kinders slegs aan een dimensie op 'n gegewe tydstip aandag kan skenk. Hy beweer verder dat die kind maklik verward kan raak as die taak te kompleks is.

Die verbetering van die funksionele kapasiteit sal vervolgens verduidelik word deur na geheue en metakognisie te verwys (Louw, 1992:272).

- **Sensoriese geheue**

Die vyfjarige kind registreer inkomende visuele inligting net so effektief as volwassenes, maar prosesseer hierdie visuele inligting stadiger. Die rede hiervoor is dat die kind meer tyd nodig het om die eienskappe van 'n visuele beeld te ontleed vir die herkenning daarvan en om die geïdentifiseerde materiaal verder te prosesseer sodat 'n besluit daaroor geneem kan word (Louw, 1992:273).

- **Korttermyngeheue**

Die korttermyngeheue verwys na die grootste aantal items wat 'n persoon foutloos en in die korrekte volgorde kan herhaal na 'n enkele aanbieding. Volgens Louw (1992:273) kan 'n vyfjarige kind vier items foutloos herhaal. Hierdie stelling word bevestig deur Santrock (1995:289).

- **Langtermyngeheue**

Volgens Louw (1992:274) is vyfjariges se herkenningsgeheue uitstekend, maar hulle herroepgeheue is egter swakker aangesien hulle minder items kan onthou as ouer kinders. Deur navorsing is bewys dat die kind se geheue beter vertoon in sy natuurlike omgewing, byvoorbeeld by die huis of in die kleuterskool, as in 'n toetsituasie (Lefrancois, 2001:295).

- **Metakognisie**

Metakognisie verwys na die kind se kennis van kognitiewe verskynsels. Dit speel 'n belangrike rol in die uitvoering van kognitiewe take. Yussen en Bird (in Louw, 1992:276) het in 1979 vasgestel dat metakognisie tussen vier- en sesjarige ouderdom ontwikkel. Metakognisie kan ontwikkel word deur die kind bewus te maak waarom hy dink, hoe hy dink, en hoe hy dink oor dit waarom hy dink. Die navorser is van mening dat hierdie bewusmakingsproses sterk ooreenstem met die Gestaltfilosofie.

Die ontwikkeling van geheuevaardighede kan beïnvloed word deur sosiale interaksie (Lefrancois, 2001:295). Hierdie stelling sluit aan by die feit dat 'n kind se leerproses afhanklik is van sy interaksie met volwassenes en maats. Binne die werk van Lefrancois (2001:295) kom hy tot die gevolgtrekking dat die vyfjarige kind goed kan onthou. Hy is van mening dat die kind se geheue nie soseer te danke is aan die gebruik van geheuestrategieë nie, maar dat die kind onthou as gevolg van toevallige herinneringe.

Die kognitiewe ontwikkelingsvlak van die kind het 'n invloed op die regulering van sy emosies. Vervolgens word aandag verleen aan die vyfjarige kind se emosionele ontwikkeling.

3.4 EMOSIONELE ONTWIKKELING

Emosies word in die algemeen gedefinieer as die gevoels- of affektiewe komponent van menslike gedrag (Lefrancois, 2001:330). Die doel van emosionele ontwikkeling is sodat die kind kan leer om emosies te interpreteer, te reguleer en toepaslik uit te druk.

Die kleuter gee reeds vanaf tweejarige ouderdom op 'n baie spontane wyse uiting aan emosies. Hierdie spontaneïteit neem egter af namate die kind ouer word, veral betreffende die toon van aangename emosies, byvoorbeeld affeksie en blydschap (Louw, 1992:284). Die outeur Shaffer (2002:383) stem saam met die feit dat die vyfjarige kind emosies kan onderdruk. Die onderdrukking van sekere emosies kan gepaardgaan met die kind se begrip van die eksterne oorsake en gevolge van die emosie.

Volgens Louw (1992:284) toon die vyfjarige kind reeds 'n groot mate van selfbeheersing en is baie minder afhanklik van sy ouers. Die rede hiervoor is dat kognitiewe strategieë reeds in plek is om die kind se emosies te reguleer (Shaffer, 2002:383). Hierdie kognitiewe strategieë stel ook die kind in staat om empatie te verstaan. Volgens Parker (1990:8) kan die vyfjarige kind alreeds goed reageer op simpatie. Hierdie kind het ook al sy eie wil ontwikkel, dit wil sê 'n toenemende mag om self besluite te neem, om self take uit te voer en om selfbeheersing te gebruik. Die vyfjarige is ook nuuskierig aangaande sy eie liggaam en kan reeds beheer daarvoor uitoefen. Die kind maak ook gebruik van sy liggaam in die uitdrukking van sy emosies, byvoorbeeld deur 'n spesifieke liggaamsbeweging (Shaffer, 2002:383). Indien die kind suksesvol is in sy aktiwiteite, vorm dit 'n belangrike basis vir sy

ontwikkende selfbegrip. Indien die kind nie sy omgewing suksesvol bemeester nie, kan die kind se persoonlikheidsontwikkeling nadelig beïnvloed word. Dit kan lei daartoe dat die kind maklik moed opgee en passief raak (Louw, 1992:284).

Vervolgens word twee belangrike emosies by die vyfjarige kind bespreek, naamlik vrees en skeidingsangs.

3.4.1 Vrees

Vrees is in 'n mindere of meerdere mate by alle mense van alle ouderdomsgroepe aanwesig. Dit is deel van menswees en inderdaad ook soms nodig om selfbeskermingsaksies te loots. Vrees moet dus nie noodwendig as patologies gesien word nie (Louw, 1992:284).

Vrees is in verskillende vorme en intensiteite by die vyfjarige kind teenwoordig en elke kind ontwikkel sy eie unieke wyse om dit te hanteer. Kindervrese kan nie vermy word nie aangesien dit deel vorm van die normale ontwikkeling by die kind.

Binne die werk van Louw (1992:285) beklemtoon hy die korrekte hantering van vrese by die vyfjarige kind. Hy lig die volgende as belangrik uit:

- **Neutraliseer** die vreesvoorwerp of -situasie met iets positiefs.
- Laat die kind ander mense se vreeslose optrede **observeer**.
- **Desensitiseer** die kind geleidelik.
- Laat die kind dit wat hy vrees onder normale omstandighede **ervaar**.
- Leer die kind **vaardighede** aan om die vrees te beheer.
- Verduidelik die **vreessituasie** aan die kind.

In die hedendaagse samelewing word die kind gebombardeer met komplekse emosionele situasies en die maklikste uitweg is om beheer oor te neem van die kind se emosies. Dit is egter die verkeerde uitweg. Die beste wat gedoen kan word is om die kind in sy emosie te ondersteun en saam met hom te werk tot die punt van probleemoplossing (Vander Goot, 1987:45).

3.4.2 Skeidingsangs

Daar is aanduidings dat vyfjarige kinders skeidings met ouers baie traumaties beleef en dat dit hulle latere aanpassings en funksionering kan beïnvloed. Die invloed wat die skeiding op die kind het, word beïnvloed deur die rede vir en die aard van die skeiding, die aard van die plaasvervangende versorging en die kwaliteit van die verhouding voor die skeiding (Louw, 1992:286).

Die kind se reaksie op skeiding word in drie fases verdeel:

- Die **protesfase**, wat ongeveer drie dae duur, waarin die kind baie huil en na sy ouers soek.
- Die **wanhoopfase**, waarin daar 'n toenemende wanhoop ontstaan oor die moontlikheid dat die ouers sal terugkeer. Tydens hierdie fase is die kind minder aktief, huil minder en raak beheersd en onttrek.
- Die **losmakingsfase**, waarin die kind weer hernieude belangstelling in sy omgewing toon.

Daar is verkeie faktore wat lei tot die skeiding tussen ouers en kinders. Die outeur Louw (1992:287) noem die volgende:

- **Egskeiding**
- Die **dood** van 'n ouer
- Tydelike **afwesigheid**
- **Hospitalisasie**

Die navorser is van mening dat skeidingsangs by die vyfjarige kind primêre aandag moet geniet. Die oorsaak van die angs moet aangespreek word, voordat enige verbetering verwag kan word.

Die mate waartoe 'n kind sy eie emosies kan begryp en besit, stem ooreen met sy emosionele intelligensie. Vervolgens word hierdie onderwerp bespreek.

3.4.3 Emosionele intelligensie

Emosionele intelligensie verteenwoordig die begrip en regulering van die individu se eie emosies, sowel as die begrip van emosionele reaksies van andere (Lefrancois, 2001:334). Die navorser is van mening dat emosionele intelligensie verhoog soos die kind ouer word, maar dat die voorbeeld wat die ouers stel, ook 'n invloed kan hê.

Deur navorsing is bewys dat die aanleer van regulering en toepaslike uitdrukking van emosies, baie belangrik is vir die jong kind (Lefrancois, 2001:333). Die outeur is verder van mening dat die kind se vermoë om sy eie en ander mense se emosies te identifiseer, te beheer en toepaslik uit te druk, sterk verband hou met sy sosiale vaardighede. In 'n studie deur Smith (in Lefrancois, 2001:334) is gevind dat vyfjarige met goeie emosionele regulering, meer vriendskapsverhoudings gehad het. Die sluit van vriendskapsverhoudings vorm deel uit van die normale sosiale ontwikkeling van die kind. Daar sal vervolgens na die vyfjarige kind se sosiale ontwikkeling gekyk word.

3.5 SOSIALE ONTWIKKELING

Vervolgens gaan aandag geskenk word aan die belangrikste fasette van sosiale ontwikkeling by die vyfjarige kind, naamlik sosialisering, pro-sosiale gedrag, anti-sosiale gedrag, televisie, dagsorg en kinderspel.

3.5.1 Sosialisering

Sosialisering verwys na die proses waardeur die kind leer om aan die morele standaarde, rolverwagtings en eise vir aanvaarbare gedrag in die betrokke samelewing, te voldoen (Louw, 1992:299). Sosialisering word deur Lefrancois (2001:334) beskryf as die proses waardeur die kind sosiaal aanvaarbare gedrag aanleer ten opsigte van geslag en ouderdom. Dit wat die kind leer deur sosialisering word grootliks bepaal deur die kulturele konteks waarin die kind grootword.

'n Belangrike teorie aangaande die kind se sosiale ontwikkeling, is dié van Erikson. Na aanleiding van die teorie word die vyfjarige kind ingedeel in die fase van inisiatief teenoor skuld. Die kind se vaardighede is al redelik goed ontwikkel en dit verskaf aan die kind 'n

gevoel van inisiatief. Hierdie kind benodig egter nog steeds die vertroosting en sekuriteit vanaf sy ouers, om beheer en verantwoordelikheid te verseker. Gedurende hierdie fase ontwikkel die kind in 'n groot mate tot outonomie. Hy voel hy besit die vermoë om self besluite te neem en op te tree op 'n effektiewe wyse (Lefrancois, 2001:335). Die gevoelens van skuld ontstaan wanneer die kind sy inisiatief gebruik om op te tree op 'n sekere manier en die gedrag nie van toepassing is nie (Thompson & Rudolph, 1996:15). Die kind voel hy kan nie die regte ding doen nie. Dit is egter belangrik om hierdie kind op 'n liefdevolle wyse reg te help.

Tydens vyfjarige ouderdom is die doelwitte van sosialisering vir die kind die volgende (Louw, 1992:299):

- Die gevorderde ontwikkeling van **taalvermoë**.
- Die ontwikkeling van 'n **gewete**.
- Die gevorderde ontwikkeling van 'n begrip van die **sosiale wêreld**.
- Die ontwikkeling van **outonomie en inisiatief**.
- Die aanleer van **geslagstoepaslike gedrag**.

Volgens Louw (1992:300) is daar vier basiese individuele en sosiale meganismes by alle kinders oor kultuurgrense heen aanwesig. Die vier basiese meganismes is:

- Die begeerte om **affeksie, agting, aanvaarding en erkenning** te verkry.
- Die wens om die **onaangename gevoelens** wat op verwerping en straf volg, te **vermy**.
- Die neiging om die **optrede** van ander **na te boots**.
- Die **begeerte** om te wees soos **spesifieke mense** wat die kind geleer het om te respekteer, te bewonder of lief te hê. Dit staan bekend as identifikasie.

Om die sosialiseringsproses ten volle te begryp, is dit nodig om te onderskei tussen eksterne en interne faktore.

3.5.1.1 Eksterne faktore

Eksterne faktore verwys na die agente (of persone) van sosialisering. Deur die sosialiseringsproses word morele waardes, tradisies en gedragse norme aan die vyfjarige kind oorgedra deur 'n verskeidenheid van aktiwiteite. Hierdie aktiwiteite sluit spel, nabootsing en verbale interaksie tussen die kind en die sosialiseringsagent in. Die kind word direk beïnvloed deur die ouers en die gesinslede, maar die maats begin ook 'n belangrike rol speel op die ouderdom van vyf. Ook die massamedia en veral televisie oefen 'n invloed uit (Louw, 1992:300).

3.5.1.2 Interne faktore

Interne faktore verwys na die geneties bepaalde eienskappe en neigings van die kind, soos temperament en geslag. Volgens Louw (1992:300) is temperament een van die interne faktore wat sal bepaal hoe die kind op sosialiseringssaksies deur andere sal reageer. Emosionaliteit, aktiwiteit, impulsiwiteit en geselligheid is die vier temperamentseienskappe wat geneties bepaal word. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die vyfjarige kind se temperament sy gedrag in 'n sekere mate sal bepaal, want gedrag en temperament hang ten nouste saam. Die kind se geslag en intellektuele vermoëns sal egter ook die sosialiseringsproses beïnvloed.

3.5.2 Pro-sosiale gedrag

Pro-sosiale gedrag word gekenmerk deur positiewe sosiale interaksie (Louw, 1992:301). Die outeur is van mening dat dit samewerking, hulpvaardigheid en bereidwilligheid omsluit. Die kind wat byvoorbeeld bereid is om sy speelgoed te deel, is besig met pro-sosiale gedrag.

Die aspek van samewerking is duidelik waarneembaar wanneer kinders in speletjies betrokke raak waar hulle van mekaar se samewerking afhanklik is. Die navorser is van mening dat die vyfjarige kind vriendelik, liefdevol en hulpvaardig is. Hy neem ook ander mense in ag. Dié kind se samewerking is goed.

Binne die werk van Louw (1992:303) noem hy dat pro-sosiale gedrag bevorder kan word deur modellering. Hy het in hierdie verband opgemerk dat wat die model doen

(byvoorbeeld iemand oor die straat help) belangriker is as wat die model sê (“jy moet ander mense help”). Die outeur kom tot die gevolgtrekking dat rollespel die doeltreffendste manier is om pro-sosiale gedrag aan te moedig. Die teenoorgestelde van pro-sosiale gedrag kom egter ook voor. Antisosiale gedrag word vervolgens bespreek.

3.5.3 Antisosiale gedrag

Antisosiale gedrag is enige negatiewe sosiale aktiwiteit wat antagonisme in die verhouding tussen die kind en sy omgewing aanwakker. Soorte antisosiale gedrag wat by die vyfjarige kind kan voorkom is selfsugtigheid, die neem van ander kinders se besittings, leuens vertel en aggressie van een of ander aard (Louw, 1992:303). Die navorser beskou die neem van ander kinders se besittings nie as doelbewuste steel nie, maar koppel dit aan die feit dat die vyfjarige kind nog nie verstaan dat iets aan iemand anders behoort nie. Hy verstaan ook nie dat steel verkeerd is nie.

Aggressie, wat so dikwels sy kop op hierdie ouderdom uitsteek, moet nie verwar word met gedrag wat selfhandhawing bewerkstellig nie. Die verskil tussen aggressie en selfhandhawende gedrag lê in die onderliggende motief vir die vyandige gedrag. Volgens Louw (1992:304) is daar verskeie faktore wat ’n bydraende rol in aggressie kan speel:

- **Frustrasie**, volgens die frustrasie-aggressie-hipotese lei frustrasie tot aggressie.
- **Kompetisie**, veral wanneer ’n beloning ter sprake is.
- **Gesinsfaktore**, byvoorbeeld ’n kind wat baie aggressie in die gesin beleef.
- **Kulturele faktore**, byvoorbeeld die gevolge van verskillende hanteringsmeganismes.

Dit is belangrik dat die kind se aggressie op die korrekte wyses hanteer moet word. Die katarsis-hipotese veronderstel dat aggressiewe gevoelens wat nie tot uitdrukking kom nie, in die persoon opbou en uiteindelik tot ’n geweldige uitbarsting sal lei (Louw, 1992:305). Die navorser is van mening dat die toepaslike uitdrukking van aggressiewe gevoelens aangemoedig moet word. ’n Goeie geleentheid is binne die terapeutiese kontakssessie, waar die kind konfidensieël uitdrukking kan gee aan sy emosies.

Die televisie speel ook 'n rol in die ontwikkeling van die sosiale vaardighede by die kind. Die navorser bespreek die invloed van die televisie vervolgens.

3.5.4 Die invloed van televisie

Daar is min bewyse oor die werklike invloed van televisie op kinders, maar televisie verander egter beslis 'n gesin se lewenswyse (Louw, 1992:306). Die outeur noem dat hoewel 'n gesin saam televisie kyk, daardie gesin se interpersoonlike aktiwiteite drasties afneem en dat hulle minder tyd spandeer in hul interaksie met mekaar. Daarby is gevind dat televisie die speelyd van kinders drasties inkort en dat hulle minder geneë is om te help met huishoudelike pligte.

Aggressie kom dikwels in televisieprogramme voor en die invloed daarvan op die sosiale gedrag van kinders is baie belangrik. In hierdie verband het navorsing onder vier- tot vyfjarige getoon dat daar 'n duidelike verband is tussen aggressie wat in kinderprogramme voorkom en die aggressie wat die kind in sy gedrag toon (Louw, 1992:308).

Daar is verskeie maniere waarop televisiegeweld aggressie by 'n kind kan kweek. Eerstens kan identifikasie met 'n aggressiewe held plaasvind of die televisiegeweld kan vir die kind nuwe aggressiewe vaardighede aanleer (Louw, 1992:309). Die outeur is verder van mening dat die kind se inhibisies om op dieselfde wyse op te tree, kan afstomp of dat aggressiekondisionering kan plaasvind deurdat die kind in sy verbeelding deelneem aan gewelddadige aksies. Ten laaste is daar 'n aanduiding dat televisiegeweld tot psigologiese afstomping lei, wat die neiging by die kind versterk dat die wêreld 'n gewelddadige plek is.

Dit is belangrik om ook op die pro-sosiale uitwerking van televisie te let. Die navorser Lefrancois (in Louw, 1992:309) meld dat pro-sosiale gedrag wat deur televisiemedia versterk kan word, gedrag soos vriendelikheid, samewerking, kreatiwiteit, empatie asook verdraagsaamheid teenoor ander etniese groepe insluit. Televisie bied ook aan die kind 'n ander wêreld as die een waarin hy leef en stel die kind bloot aan 'n groter verskeidenheid van perspektiewe en inligting (Santrock, 1995:334). Die outeur is verder van mening dat sommige televisieprogramme opvoedkundige en ontwikkelingsvoordele het.

Volgens die navorser is dit duidelik dat televisie beide 'n positiewe en 'n negatiewe invloed op kinders kan hê. Daarom is dit belangrik dat kinders selektief moet kyk, programme met hulle bespreek moet word en uitgewys moet word waar die geweld skadelik is. Hierdie stelling word deur Santrock (1995:335) bevestig.

3.5.5 Die invloed van dagsorg

In Suid-Afrika het daar 'n toename plaasgevind in die aantal werkende moeders. Nie alleen neem die werk die moeder vir 'n groot gedeelte van die dag weg van die kind nie, maar die kind moet ook aanpas by een of ander vorm van alternatiewe versorging. Die alternatiewe versorging kan die vorm aanneem van versorging in die kind se eie huis deur byvoorbeeld 'n huishulp, die bywoning van 'n kleuterskool of versorging deur 'n dagmoeder (Louw, 1992:310).

Binne die werk van Louw (1992:310) noem hy dat indien 'n moeder gelukkig is in haar werk dit 'n positiewe invloed kan hê op haar kinders se aanpassing en vermoëns, aangesien die kinders beïnvloed word deur hul moeder se gemoedstoestand. Voltydse indiensneming van moeders kan egter spanning by die moeder skep. Werkende moeders is meer geneig om onafhanklike gedrag by hul kinders aan te moedig as in die geval van nie-werkende moeders. Deeltydse werk blyk 'n goeie oplossing te wees aangesien dit 'n positiewe invloed op die gesinslewe en op die kinders se ontwikkeling het. Die outeur noem verder dat werkende moeders minder tyd aan hul kinders spandeer en met hulle speel.

Indien die kind in 'n kleuterskool is, kan skeidingsprobleme sy aanpassing benadeel. Navorsing dui daarop dat skeidingsprobleme verband hou met 'n swak moeder-kindverhouding, 'n groot kleuter-volwassene-ratio in die kleuterskool en swak vaderlike betrokkenheid (Louw, 1992:313).

Die navorser King (in Louw, 1992:313) het gevind dat daar wel betekenisvolle verskille is tussen kinders met en sonder kleuterskoolervaring. Sy het onder andere gevind dat kleuterskoolkinders met taalontwikkeling en rangskikking in volgorde beter vaar, maar kinders sonder kleuterskoolopvoeding se spel meer kreatief was, dat hulle meer uiting aan hulle emosies gegee het en aggressie beter kon hanteer. Sy kom tot die gevolgtrekking dat

die kind wat nie kleuterskool bywoon nie, die ouer-kindverhouding gebruik om sy ontwikkeling te bevorder, terwyl die kleuterskoolbywoner die kleuterskool daarvoor benut.

Spel is 'n belangrike bydraende faktor in die ontwikkeling van die kind se sosiale vaardighede, hetsy dit tuis of in 'n kleuterskool is. Die rol van spel in die lewe van die vyfjarige kind, word vervolgens bespreek.

3.5.6 Kinderspel

Tussen die rituele en roetines van elke dag spandeer die vyfjarige kind die meeste van sy tyd aan spel. Spel is eie aan elke kind, 'n aktiwiteit wat weinig verpligtinge of dissipline inhou. Dit is daar vir die kind om te geniet.

Spel word beskou as enige vrywillige aktiwiteit wat uitgevoer word bloot ter wille van die bevrediging wat dit verskaf (Louw, 1992:313). Tog lewer spel 'n uiters waardevolle bydrae tot die kind se liggaamlike, kognitiewe, emosionele, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling. Daar is dus weinig, indien enige, aspekte van die kind se ontwikkeling wat nie op die een of ander wyse met spel geassosieer kan word nie. Binne die werk van Santrock (1995:330) word hierdie belangrikheid van spel beklemtoon en word verwys na spel as essensieel vir die vyfjarige kind se algehele gesondheid. Deur spel vorm die kind vriendskapsverhoudings wat hom die geleentheid gun tot fantasie, probleemoplossing en die vorming van perspektiewe rondom geslag, moraliteit en die self (Newman & Newman, 1999:249). Die outeurs noem dat 'n vyfjarige kind gewoonlik al stabiele vriendskappe besit en dat die spel gekoördineer sal wees sodat al die partye voordeel daaruit sal trek.

Verskeie navorsers het verskillende soorte spel geïdentifiseer en tot die gevolgtrekking gekom dat die sosiale en interaksionele aard van spel neig om met ouderdom toe te neem (Louw, 1992:315). Die outeur noem verder dat spel 'n deel vorm van 'n belangrike leerproses waarin die kind deur verskillende fases van ontwikkeling beweeg. Dit is belangrik dat die kind die geleentheid kry om die pas aan te gee en dat volwassenes moet vermy om te veel struktuur aan die kind se spel te gee. Die navorsers stem vanuit 'n Gestaltterapeutiese perspektief saam met hierdie stelling.

Volgens Lefrancois (2001:339) bestaan daar twee belangrike kategorieë van spel. Die eerste is ondersoekende spel, wat meestal 'n fisiese tipe spel is. Hierdie tipe spel behels die manipulerings van voorwerpe bloot vir die sensasie wat die kind daaruit verkry. Die tweede tipe spel staan bekend as fantasiespel. Fantasiespel behels die gebruik van die kind se verbeelding, dagdrome, fantasie speelmaats en ander vorme van fantasie wat die kind geniet.

Die funksies en waarde van spel kan ingedeel word deur dit onderskeidelik met liggaamlike en kognitiewe ontwikkeling, sosiale ontwikkeling, emosionele ontwikkeling, en die selfkonsep in verband te bring. Dit word as volg beskryf (Louw, 1992:317):

- **Liggaamlike en kognitiewe ontwikkeling**, deurdat die kind sy omgewing ondersoek en leer om sy probleme op te los deur middel van spel. Spel bied aan die kind die geleentheid om sy vaardighede uit te probeer binne 'n gemaklike en vriendelike atmosfeer (Santrock, 1995:331). Die outeur noem verder dat Piaget geglo het dat kognitiewe strukture geoefen moet word en dat spel die gulde geleentheid daarvoor is. Die navorser is van mening dat spel die liggaamlike ontwikkeling bevorder deur die gebruik van groot- en fynmotoriese spiere en die koördinasie daarvan.
- **Sosiale ontwikkeling**, deurdat die kind sosiaal aanvaarbare gedrag leer deur die samespel met ander kinders. Dit leer die kind ook samewerking. Volgens Santrock (1995:330) oefen die kind sy toekomstige rolle uit gedurende spelinteraksie. Vriendskapsverhoudings word gevorm deur spel en dit bevorder die kind se interpersoonlike sensitiviteit, sosiale redeneringsvermoë en probleemoplossingstegnieke (Newman & Newman, 1999:249).
- **Emosionele ontwikkeling**, deurdat spel die kind se emosionele welsyn en ontwikkeling bevorder omdat dit genot verskaf. Dit gee die kind 'n gevoel van bemeestering en dit bevorder die identifisering en uitdrukking van emosies in die opsig dat dit 'n terapeutiese funksie kan verrig. Spel verlig ook enige spanning wat die kind mag ervaar (Santrock, 1995:330). Die navorser is van mening dat die kind emosionele ervarings kan organiseer en herformuleer deur dit uit te speel.

- **Ontwikkeling van die selfkonsep**, deurdat die kind homself feitlik in alle opsigte ontdek in sy spel. Volgens Lefrancois (2001:339) groei die kind se bewustheid van homself konstant deur spel. Sy bewustheid van ander mense ontwikkel ook in die proses. Volgens die navorser bied spel vir die kind die sekuriteit en gemaklike atmosfeer om homself te ontdek.

Die navorser is van mening dat dit blyk dat spel vir die kind die belewenis van die totale lewe verteenwoordig en hom in staat stel om sy plek daarin te vind. Spel bied die kind 'n veilige medium om homself in die wêreld te plaas. Hierdie ontdekking van die self word vervolgens verder bespreek deur na die kind se persoonlikheidsontwikkeling te kyk.

3.6 PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Tydens die kleuterjare word voortgebou op die persoonlikheidsontwikkeling wat tydens die eerste twee jaar plaasgevind het. Die kleuter raak nou bewus van sy eie geslag en ook van geslagsverskille en begin daarvolgens optree (Louw, 1992:290).

Daar word vervolgens gekyk na die geslagsidentiteit en die geslagsrolidentiteit van die vyfjarige kind. Aandag word ook verleen aan geslagsverskille.

3.6.1 Die geslagsidentiteit

Geslag verwys na die mens se sosio-kulturele dimensie van man- of vrouwees (Santrock, 1995:338). Die manlike en vroulike rolle kan verskil oor kultuurgrense heen.

Die geslagsidentiteit verwys na die kind se kennis of hy/sy 'n seun of 'n dogter is en dat dit 'n onveranderlike eienskap is (Louw, 1992:290). Bykans alle vyfjariges kan hulself akkuraat as 'n seun of 'n dogter etiketteer en begin 'n begrip vir geslagskonstantheid toon.

3.6.2 Die geslagsrolidentiteit

Elke menslike gemeenskap besit patrone van organisasie wat gedeeltelik gebaseer is op geslag. Mans en vrouens vertolk verskillende rolle, doen verskillende dinge en word waardeer vir hul verskillende vaardighede. Die inhoud van hierdie geslagsrolle verskil van kultuur tot kultuur (Newman & Newman, 1999:227).

Die geslagsrolidentiteit verwys na die kenmerke wat as geslagstoepaslik beskou word en word deur psigososiale faktore bepaal. Die geslagsrolidentiteit word reeds tussen twee- en driejarige ouderdom gevestig en is daarna nie meer omkeerbaar nie (Louw, 1992:290). Teen die ouderdom van vyf jaar besef die kind dat sy geslag 'n onveranderbare aspek van homself is (Shaffer, 2002:487). Die outeurs Galenson en Roiphe (in Louw, 1992:290) beskou die einde van die tweede jaar as 'n kritieke periode vir die ontwikkeling van die geslagsrolidentiteit. Dit blyk dat skade wat tydens die eerste paar lewensjare aan die kind se ontwikkelende selfbeeld en persoonlikheid aangerig is, verreikende gevolge vir latere ontwikkeling en die hantering van die sosio-emosionele wêreld kan hê.

Die begrip van geslag omsluit vier belangrike komponente tydens die ontwikkeling van die kind, naamlik die korrekte gebruik van geslagsetikette, die begrip dat geslag stabiel is, die begrip van geslagskonstantheid en die begrip van die liggaamlike verskille (Newman & Newman, 1999:227). Die outeur is van mening dat die gemiddelde vyfjarige kind reeds hierdie vier komponente bemeester het.

Binne die werk van Kaplan (1998:208) noem hy dat die geslagsrolidentiteit in die volgende volgorde ontwikkel:

- Die kind ontwikkel eerstens 'n **geslagsidentiteit**.
- Ten tweede leer die kind dat sy **geslag stabiel** is. Die kind weet verseker wat sy geslag is.
- Derdens ontwikkel die kind se **geslagskonstantheid**. Die kind weet dat 'n man 'n man is, al het hy lang hare.
- Laastens ontwikkel die begrip van die **liggaamlike verskille**.

Die onderstaande faktore speel 'n rol by die ontwikkeling van die geslagsrolidentiteitsvorming:

- **Biologiese faktore**, soos die rol van die interne geslagskliere en die uiterlike geslagskenmerke (Louw, 1992:294). Volgens Kaplan (1998:209) is die volgende biologiese faktore belangrik om in ag te neem: hormone, die verskillende tye van rypwording by die kind en genetiese verskille by die drie-en-twintigste chromosoom. Die drie-en-twintigste chromosoom bepaal die geslag van die individu (Santrock, 1995:338).
- **Kognitiewe faktore**, soos die kind se waarneming van sy geslagskenmerke asook sy begrip van die geslagsrolle en die gedrag wat van hom of haar verwag word (Louw, 1992:294). Die geslag-skema teorie is van mening dat die kind se aandag en gedrag intern gemotiveer word om aan sy geslagsrol, sosio-kulturele standaarde en stereotipes te voldoen (Santrock, 1995:346).
- **Emosionele en versterkingsfaktore**, byvoorbeeld die kind se innerlike, emosionele aanvaarding van die geslagsrol wat die samelewing aan hom opdra of voorskryf. Die mate waarin die kind sy geslag en sy geslagrol aanvaar, hang in 'n groot mate af van die reaksies van ander mense, veral volwassenes (Louw, 1992:294). Die verskil in die hantering van seuns en dogters deur ouers, kan ook 'n belangrike bydrae lewer (Kaplan, 1998:210). Die outeur voeg by dat die kind se rolmodel en identifisering met sy ouers, ook 'n bydraende faktor kan wees. Die kind se maats het ook 'n invloed deur hulle goedkeuring van geslagstoepaslike gedrag (Santrock, 1995:346).
- **Omgewings- en kulturele faktore**, aangesien die aard van die gedrag wat 'n kind as geslagsrolgedrag aanleer, afhang van sy onmiddellike omgewing en die breër kulturele omgewing (Louw, 1992:294).
- **Vader- en moederafwesigheid**. Navorsing dui daarop dat die kleuterjare 'n kritieke periode vir die ontwikkeling van die seun se geslagsrolidentiteit is, maar nie vir dogters nie. Seuns wat voor vyfjarige ouderdom van hulle vaders geskei word as

gevolg van egskeiding, verlating of dood, is dikwels minder manlik as seuns wie se vaders teenwoordig was en aandag aan hulle gegee het. Hierdie invloed van vaderafwesigheid kan moontlik daaraan toegeskryf word dat mans meestal sterker as vroue daarop aandrang dat kinders, veral seuns, volgens die voorgeskrewe geslagsrolle handel. Wat dogters betref, is die invloed van vaderafwesigheid tydens die kleutertydperk nie so opmerklik nie en word dit eers tydens adolessente jare meer opmerklik (Louw, 1992:295).

- **Rol van die ouers.** 'n Faktor waarvan die rol dikwels onderskat word, is die rol van oorbeskermende ouers. Oorbeskerming het naamlik 'n beperkende invloed op die kleuter se ontwikkeling tot onafhanklikheid en selfstandigheid (Louw, 1992:296).

3.6.3 Geslagsverskille

Na die ouderdom van drie jaar, manifesteer sekere geslagsverskille ten opsigte van persoonlikheid. Seuns is geneig om meer aggressief te wees, meer te baklei, rowwe speletjies te speel, om te probeer om ander kinders te domineer en om hulle ouers se gesag meer uit te daag, as wat by dogters die geval is. Dogters is meer geneig om hulle samewerking vir hulle ouers te gee, om te probeer om botsings met hul maats te vermy en om jonger kinders te help (Louw, 1992:296).

Binne die werk van Shaffer (2002:458) lys hy die volgende psigologiese verskille tussen seuns en dogters:

- **Verbale vermoëns.** Dogters se verbale vermoë ontwikkel op 'n vroeër ouderdom as dié van seuns.
- **Visueel-ruimtelike vermoëns.** Seuns vaar beter in visueel-ruimtelike toetse as dogters. Dit is vanaf so vroeg as vier jaar sigbaar.
- **Wiskundige vermoëns.** Seuns besit oor die algemeen beter wiskundige probleemoplossingsvaardighede as dogters, veral vanaf adolessente ouderdom.
- **Aggressie.** Seuns is fisies en verbaal meer aggressief as dogters. Hierdie verskil is waarneembaar vanaf tweejarige ouderdom.

Geslagsverskille in persoonlikheid word toegeskryf aan hormonale invloede, kultuurinvloede, die ouers se hantering van hulle kinders en die invloed van die massamedia (Louw, 1992:296). Die navorser is van mening dat die media 'n groot rol kan speel en dat dit belangrik is dat die ouers toesig moet hou oor hul kinders en dit waarmee hulle in aanraking kom.

'n Belangrike faset van persoonlikheidsontwikkeling is die kind se selfkonsep. Vervolgens word aandag hieraan verleen.

3.6.4 Selfkonsep

Die selfkonsep is die persoon se beeld of siening van homself. 'n Persoon se selfkonsep is positief in soverre hy sy eienskappe as goed en aanvaarbaar evalueer, en negatief in soverre hy met sy eienskappe ontevrede is (Louw, 1992:297). Selfkonsep word deur Newman en Newman (1999:244) beskryf as 'n teorie wat die kind se begrip van die wêreld, die self en die interaksie tussen die twee, verbind. Die kind se selfkonsep word in verband gebring met sy innerlike, byvoorbeeld drome, emosies, gedagtes, fantasieë en gevoelens van pyn en plesier. Dit word verder gebaseer op die gevolge van sy interaksie met die omgewing. Kinders word nie gebore met 'n selfkonsep nie, dit ontwikkel soos die kind ouer word (Kaplan, 1998:191). Die ontwikkeling van die selfkonsep is 'n deurlopende proses wat deur die hele lewe voortduur. Vervolgens sal daar klem gelê word op die ontwikkeling tydens die kleuterjare.

Die kleuterjare is 'n besondere tydperk in die ontwikkeling van die selfkonsep. Nou kan voortgebou word op die basis wat reeds tydens die babajare gelê is. Die kind ontwikkel 'n kennis van sommige van sy persoonlike eienskappe, byvoorbeeld sy geslag en ouderdom. Hy begin ook om homself en sy eienskappe te evalueer (selfagting vind plaas), met die gevolg dat gevoelens soos trots en skaamte belewe kan word. Selfuitbreiding, die vermoë van die kind om 'n sin vir besittings en persoonlike eiendom te ontwikkel, vind ook gedurende hierdie ouderdom plaas (Louw, 1992:297). Gedurende hierdie fase is die kind besig met 'n ontdekkingsreis na sy vermoëns, beperkinge en sy invloed op andere (Newman & Newman, 1999:244). Die outeurs is verder van mening dat die kind teen die ouderdom van vyf reeds die kompetisie van speletjies kan begryp. Hulle hou daarvan om te wen, maar is teleurgesteld as hulle verloor.

Gedurende vyfjarige ouderdom word die kind meer bewus van ander mense se perspektiewe. Hierdeur ontwikkel die kind dan 'n waardering vir kultuurnorme en 'n begrip vir sy verwagte rol binne hierdie kultuur. Binne hierdie verband is geslagsrolle van groot belang (Newman & Newman, 1999:246). Volgens Kaplan (1998:192) het ander mense 'n groot aandeel in die definiëring van die kind se selfkonsep. Die vyfjarige kind is baie sensitief vir die verwagtinge wat gekoester word aangaande sy geslagsrol en begin die morele komponent daarvan verstaan. Al hierdie kognitiewe funksies maak die kind meer sensitief vir sosiale druk, vir gevoelens van skaamte en skuld, vir sosiale vergelyking, vir selfkritiek en selfevaluering. Terselfdertyd is die kind nog steeds afhanklik van sy ouers, veral op 'n emosionele gebied. Dit maak die kind sensitief vir positiewe en negatiewe terugvoer vanaf die ouers (Newman & Newman, 1999:246). Die vyfjarige kind wat net positiewe terugvoer ontvang, kan 'n baie hoë dunk van homself hê. Die rede hiervoor is dat die kind homself as goed evalueer op alle gebiede (Shaffer, 2002:429).

Verskeie faktore kan 'n invloed hê op die kind se ontwikkelende selfkonsep. Die belangrikste hiervan is die volgende:

- **Vaardighede.** Die selfkonsep se ontwikkeling hou direk verband met die kind se kognitiewe prosesse en motoriese vaardighede (Louw, 1992:298). Hierdie aspek word benadruk deurdat Newman en Newman (1999:246) saamstem met die feit dat die kind se vaardighede 'n belangrike bron is vir selfevaluering.
- **Ouers.** Die gesinstruktuur en –interaksie, die houding van die ouers, sowel as opvoedingspatrone speel ook 'n uiters belangrike rol in die uiteindelijke ontwikkeling van die kind se selfkonsep. Die navorser Coopersmith (in Louw, 1992:298) het gevind dat die ouers van seuns met hoë selfagting baie aktief betrokke was in hulle rol as ouers. Die boodskappe van liefde, ondersteuning en aanvaarding bevorder die kind se positiewe selfkonsep (Newman & Newman, 1999:246). Volgens Kaplan (1998:192) het positiewe terugvoer vanaf die ouers 'n positiewe uitwerking op die kind se selfkonsep. Die navorser is van mening dat positiewe spraak met die kind vanaf 'n vroeë ouderdom, 'n konstruktiewe invloed op die kind se selfkonsep het.

- **Sosiale kontak.** Die wyse waarop kinders behandel word deur ander kinders in hul ouderdomsgroep, onderwysers en ander volwassenes, het eweneens 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van die selfkonsep (Louw, 1992:298). Die wyse waarop die kind homself vergelyk met ander kinders, speel ook 'n belangrike rol (Newman & Newman, 1999:246). Die kind kan vanaf die vroeë ouderdom van vier jaar verskille tussen hom en sy maats identifiseer (Shaffer, 2002:430). Hierdie kind maak gebruik van sosiale vergelyking om homself te evalueer.
- **Selfmotivering.** Een wyse waarop hierdie beïnvloeding tot stand kan kom, is deur selfmotivering, om die self te verander in die rigting van die ideale self (Louw, 1992:298). Die vyfjarige kind begryp egter nog nie die ideale self nie.

Die kind se taalvermoë beïnvloed ook sy sosiale vaardighede. Die navorser bespreek vervolgens die ontwikkeling van taalvaardigheid van die vyfjarige kind.

3.7 TAALONTWIKKELING

Reeds van die begin af gebruik die kleuter taal as 'n sosiale instrument. Die kleuter gebruik taal om aandag te trek, versoeke te rig tot ander, te protesteer en om sy mening te lug. Kleuters raak ook geleidelik meer bewus van sosiale reëls in hul taalgebruik (Louw, 1992:279). Volwassenes mag dink dat die kleuter se taal vol foute is, maar dis in werklikheid die kind se weergawe van sy persepsie van die wêreld rondom hom (Santrock, 1995:292).

Volgens Louw (1992:279) is drie- tot vyfjariges heelwat beter kommunikeerders as wat aanvanklik deur baie van die ouer studies aangedui is. Hierdie stelling word deur Shaffer (2002:367) bevestig.

3.7.1 Die aanleer van taal

Gedurende die kleuterjare is daar twee aspekte ter sprake in die kind se taalontwikkeling:

- **Taalbegrip.** Dit is die kind se begrip vir die gesproke of geskrewe woord.
- **Produktiewe taal.** Dit is wat die kind sê, of later ook skryf.

Gedurende die voorskoolse jare brei die kind se woordeskat aansienlik uit en verbeter sy gebruik van verskillende taalvorme en ook sy taalbegrip. Kleuters leer gewoonlik twee tot drie nuwe woorde per dag aan (Louw, 1992:279).

Kleuters se taalgebruik raak toenemend kompleks deurdat hulle meer morfeme (die kleinste betekenisvolle taalelemente) begin kombineer. Die gebruik van morfeme begin ongeveer op driejarige ouderdom deurdat die kind begin gebruik maak van meervoude (Shaffer, 2002:363). Soos die kind ouer word neem die gemiddelde lengte van sy uitinge toe en teen die ouderdom van vyf begin hy meer komplekse sinne gebruik (Louw, 1992:280).

Die tempo waarteen verskillende kinders taal aanleer verskil, maar daar bestaan 'n bepaalde orde waarin taalaspekte aangeleer word. Die kleuter is meer geneig om aandag te gee aan woordeindes en sal gevolglik agtervoegsels makliker aanleer as voorvoegsels. Dié kind konsentreer ook meer op reëlmatighede in taal en neig om uitsonderings te vermy (Louw, 1992:281).

Die begrippe groot en klein is oor die algemeen die eerste ruimtelike byvoeglike naamwoorde wat die kleuter begin gebruik en selfs vyfjarige gebruik steeds hierdie terme wanneer hulle verwys na verskille in hoogte, lengte en wydte. Teen die tyd dat die kleuter vyf jaar oud is, begin sy verbale taalgebruik ontwikkel om soortgelyk aan dié van die volwassene te wees (Louw, 1992:281). Die kind het begrip vir ruimtelike verhoudings en gebruik ruimtelike woorde in sy sinne (Shaffer, 2002:371).

Die kleuter se taal word veral deur die volgende gekenmerk (Louw, 1992:281):

- **Onderveralgemenings.** Dit verwys na die neiging om die betekenis van 'n woord te beperk.

- **Oorveralgemening.** Dit verwys na die oormatige gebruik van 'n bepaalde taalreël. Hierdie kenmerk kom meestal voor by twee- tot driejarige (Shaffer, 2002:364).
- **Onkunde in verband met aktiewe en passiewe vorme.** Teen die ouderdom van vyf jaar begin die kind se begrip hiervan aansienlik verbeter (Shaffer, 2002:365).
- **Onkunde in verband met veronderstellings,** byvoorbeeld “As ek 'n vis was, sou ek onder die water kon bly”.
- **Alleenspraak.** Kinders rondom vyf jaar is geneig om met hulself te gesels, veral wanneer hulle speel of bepaalde opdragte uitvoer.

In die moderne wêreld bestaan daar 'n sterk neiging om jong kinders te leer lees en skryf. Volgens Santrock (1995:295) hou dit sekere gevare vir die kind in. Hy noem dat die kind dikwels blootgestel word aan intense, rigiede programme, met inhoud wat té gevorderd is vir die kind se kognitiewe vaardighede. Hy beklemtoon die feit dat jong kinders positiewe gevoelens moet ontwikkel rondom hulle lees- en skryfvaardighede. Dit kan slegs geskied deur ondersteuning vanaf die omgewing. Die navorser is van mening dat begrip vir die kind se ontwikkelingsdinamika ook 'n bydraende faktor kan wees.

3.7.2 Faktore wat taalontwikkeling kan beïnvloed

Die jong kind het 'n merkwaardige vermoë om taal aan te leer. Die periode tussen twee jaar en puberteit is die optimale tyd en ook die sensitiewe periode vir die aanleer van die eerste taal (Louw, 1992:282).

Die kleuter se taalontwikkeling kan bevorder word deur (Louw, 1992:282):

- Dikwels met die kind te **praat**,
- **Stadig** te **praat**,
- Woorde dikwels te **herhaal**,
- Taal te **vereenvoudig**,
- Die kind geleentheid te gee **om te praat**,
- Belangstellend te **luister** as die kleuter praat,
- Die kind **aan te moedig** om te praat,
- **Dialog** aan te moedig deur byvoorbeeld vrae te vra en

- **Versoeke te rig** wat die kleuter aanmoedig om verbaal daarop te reageer.

Navorsing dui daarop dat indien ouers hulle kleuters se taalontwikkeling op bogenoemde wyse aanmoedig, kleuters die sintaktiese reëls vinniger aanleer, in langer sinne praat, meer letters en syfers op vyfjarige ouderdom herken en hoër tellings op bekwaamheidstoetse behaal (Louw, 1992:282). Die navorser stem saam met die feit dat voldoende kommunikasie met die kind, sy taalvermoë kan verbeter.

Die laaste komponent van die kind se ontwikkeling wat as belangrik beskou word, is die ontwikkeling van 'n moraliteit. Dit word vervolgens bespreek.

3.8 MORELE ONTWIKKELING

Moraliteit word beskou as die vermoë om (a) reg en verkeerd van mekaar te onderskei, (b) daarvolgens te handel en (c) trots te wees op goeie gedrag en skaam en skuldig te voel as die individu sy eie standaard oortree (Shaffer, 2002:511). Morele ontwikkeling verwys na die reëls en tradisies van hoe mense moet optree in hul interaksie met andere (Santrock, 1995:343).

Die mens ontwikkel tot op 'n punt waar hy verantwoordelik kan handel en homself as 'n morele individu kan beskou. 'n Moreel volwasse individu word beskou as iemand wat morele beginsels geïntegreer het, al stem ander gesaghebbendes nie daarmee saam nie (Shaffer, 2002:511). Binne die werk van Newman en Newman (1999:233) noem hulle dat die vroeë morele ontwikkeling van die kind hoofsaaklik fokus op die integrering van standaard en beginsels.

Vervolgens sal die teorie van morele ontwikkeling, soos geformuleer deur Piaget, bespreek word.

Piaget het 'n morele teorie geformuleer deur 'n pre-morele periode en twee morele fases te identifiseer. Die vyfjarige kind bevind homself in die heteronome moraliteitsfase. Binne hierdie fase ontwikkel die kind 'n groot mate van respek vir reëls en regulasies. Die kind glo dat reëls opgestel is deur gesaghebbende persone, byvoorbeeld God, die polisie of sy

ouers (Shaffer, 2002:514). Die outeur noem verder dat die kind glo dat hierdie reëls heilig en onveranderbaar is. Die heteronoom-morele kind glo dat daar altyd 'n regte en verkeerde uitweg is binne 'n morele situasie en dat die regte uitweg altyd die streng navolging van die reëls behels.

Die vyfjarige kind sal 'n oortreding veroordeel na aanleiding van die gevolge daarvan, eerder as om die motief daaragter in ag te neem. Volgens Santrock (1995:344) sal dié kind enige gedrag beoordeel na aanleiding van die gevolge daarvan. 'n Verdere aspek word deur Newman en Newman (1999:235) bygevoeg dat die kind ook gedrag beoordeel na aanleiding van die straf wat die persoon daarvoor ontvang het. Hierdie kind glo ook oor die algemeen dat 'n oortreding gestraf moet word. Enige oortreding van sosiale reëls sal op een of ander manier gestraf word, byvoorbeeld as die vyfjarige se boetie op die muur wil teken, sal hy hom waarsku dat die Here alles kan sien en dit dan vir Kersvader vertel. As byvoeging noem Santrock (1995:344) dat die kind glo dat enige oortreding outomaties gestraf word. Die lewe uit die oë van 'n vyfjarige kind, is regverdig (Shaffer, 2002:515).

Die ontwikkeling van moraliteit by die kind word grootliks bepaal deur die kind se kognitiewe rypheid en sosiale ervaring. Die kognitiewe rypheid verwys na die afname in egosentrisme en die ontwikkeling van 'n begrip vir ander mense se perspektiewe. Die kind se sosiale ervaring met maats verwys na die erkenning van gelykheid, selfrespek en respek vir maats en die begrip vir die buigbaarheid van reëls (Shaffer, 2002:515).

Ouerskap speel ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind se moraliteit. Die navorsing op kinders dui aan dat motiverende ouerskap die morele ontwikkeling van die kind bevorder, maar dat die streng handhawing van gesag die teenoorgestelde effek het. Die effektiwiteit van die motiverende ouerskap mag varieer na aanleiding van die kind se temperament. Binne die werk van Shaffer (2002:534) kom hy tot die gevolgtrekking dat die vyfjarige kind makliker bydraes vanaf die motiverende ouer sal aanvaar, as vanaf 'n ouer wat min liefde betoon. Morele ontwikkeling by die kind word ook bevorder deur die ouers se positiewe voorbeeld, prososiale gedrag en kommunikasie met die kind aangaande morele kwessies (Newman & Newman, 1999:241).

Die televisie speel ook 'n rol in die moraliteit van die kind. Die blootstelling aan geweld op televisie beïnvloed die jong kind se waardes en beginsels. Hierdie kinders begin glo dat

aggressiewe gedrag 'n aanvaarbare oplossing vir konflikte is (Newman & Newman, 1999:242).

3.9 SAMEVATTING

In hoofstuk drie is gefokus op die ontwikkelingsdinamika van die vyfjarige kind. Vir hierdie doeleindes is gekyk na liggaamlike ontwikkeling en groei en tot watter mate dit 'n bydrae lewer tot die kind se motoriese vaardighede. Die totale ontwikkeling van die kind sluit egter ook kognitiewe -, emosionele -, sosiale -, persoonlikheids-, taal-, en morele vaardighede in. In hoofstuk vier word die empiriese gegewens van die navorsingsproses bespreek.